BLOEMFONTEIN BAPTISTE

Datum: ______________________

# ELKEEN

## Deel 1: Volgelinge Vis

**Galatians 5:6(NIV)** …The only thing that counts is faith expressing itself through love.

**Galasiërs 5:6(ABA)** …Wat is belangrik? Dit is belangrik dat ons moet glo en dat ons lief moet wees vir God en ander mense.

---

**Handelinge 1:6-8** Toe hulle 'n keer weer bymekaar was, het hulle vir Jesus gevra: "Here, is dit nou die tyd dat U die koninkryk vir Israel weer gaan oprig?" [7] Hy het hulle geantwoord: "Dit is nie vir julle om die tyd en omstandigheid te weet wat die Vader in sy eie mag bepaal het nie. [8] Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."

**Lukas 2:49(AFR20)** …Het julle nie geweet dat Ek met die dinge van my Vader besig moet wees nie?

---

---

**Matteus 4:17-19(AFR20)** Van toe af het Jesus met sy verkondiging begin en gesê: “Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele is op hande.” 18 Terwyl Jesus langs die See van Galilea loop, het Hy twee broers gesien, Simon, wat Petrus genoem word, en Andreas, sy broer. Hulle was besig om 'n treknet in die see uit te gooi, want hulle was vissers. [19] Hy sê vir hulle: “Volg My, en Ek sal julle vissers van mense maak!”

**Matteus 7:21** Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is.

**Filippense 1:6** Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom.

**Romeine 10:9** As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word.

**1 Johannes 5:13** Hierdie brief skrywe ek vir julle, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo.

**Matteus 5:3** Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.

**Romeine 10:13** want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

**2 Petrus 3:9** Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer.

**1 Johannes 3:23** En dít is sy gebod: Ons moet in sy Seun, Jesus Christus, glo en ons moet mekaar liefhê ooreenkomstig die gebod wat Hy ons gegee het

**Matteus 7:22-23** Baie sal daardie dag vir My sê: 'Here, Here, het ons dan nie in u Naam gepreek nie, deur u Naam bose geeste uitgedryf en deur u Naam baie wonders gedoen nie?' [23] Dan sal Ek openlik vir hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My af, julle wat die wet van God oortree.

---

---

**Matteus 4:20(AFR20)** Hulle het onmiddellik hulle nette gelos en Hom gevolg.

**1 Johannes 2:15-16(AFR53)** Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie. [16] Want alles wat in die wêreld is—die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe—is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld.

---

---

**Matteus 4:21-24(AFR20)** Hy het van daar af verder geloop en twee ander broers gesien: Jakobus, die seun van Sebedeus, en sy broer Johannes. Hulle was saam met hulle vader Sebedeus in die boot besig om hulle nette heel te maak, en Hy het hulle geroep. [22] Hulle het onmiddellik die boot en hulle vader verlaat en Hom gevolg. [23] En Jesus het in die hele Galilea rondgegaan, in hulle sinagoges geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig, en elke siekte en elke kwaal onder die volk genees. [24] Die nuus oor Hom het deur die hele Sirië versprei…

*Alle verse uit AFR83 behalwe waar anders aangedui*